

KONINKRYK. SUPPLEMENT 6

[GELYKENISSE VAN JESUS] DIE VERLORE SKAAP (Mt) en DIE VERLORE MUNTSTUK

“Die gelykenis van die verlore skaap” in Matteus 18:12-14
en “die gelykenis van die verlore muntstuk” in Lukas 15:8-10 is gelykenisse oor
GOD SE HOUDING TEENoor VERLORE MENSE IN GOD SE KONINKRYK.

A. DIE VERLORE SKAAP (in die Evangelie van Matteus)

Lees Matteus 18:12-14

1. Verstaan eers die natuurlike verhaal van die gelykenis.

Inleiding. Die gelykenis word in figuurlike taal vertel en die geestelike betekenis van die gelykenis word hierop gebaseer. Daarom bestudeer ons eers die woorde en die kulturele en historiese feite van die agtergrond van die verhaal.

Onderrig. Die verhaal is byna dieselfde as die gelykenis in Lukas 15:1-7.

2. Bestudeer die verband en bepaal die elemente van die gelykenis.

Inleiding. Die verband van die “verhaal” van die gelykenis kan bestaan uit “die agtergrond” en “die uitleg of toepassing” van die gelykenis. Die agtergrond van die gelykenis verwys na die *aanleiding* (rede) om die verhaal te vertel, of beskryf die *omstandighede* toe die verhaal vertel is. Die aanleiding word gewoonlik *vóór die verhaal* gevind en die uitleg of toepassing word gewoonlik *ná die verhaal* gevind.

Ontdek en bespreek. Wat is die aanleiding, die verhaal en die uitleg of toepassing van hierdie gelykenis?

Aantekeninge.

(1) Die aanleiding van die gelykenis staan in Matteus 18:1-11.

Die dissipels van Jesus het met mekaar rusie gemaak oor wie van hulle die belangrikste in die Koninkryk van God is. Jesus het dit geweet en het drie dinge gedoen: Hy het ’n voorbeeld, ’n waarskuwing en ’n opdrag gegee. Hy het ’n klein kind as ’n voorbeeld gebruik hoe dissipels sou moet word. Hy het hulle gewaarsku om nie ander mense in sonde te laat struikel nie en Hy het die gelykenis van die verlore skaap vertel om duidelik te maak waarmee dissipels hul moes besig hou.

Jesus gee sy dissipels ’n voorbeeld. Hy vermaan hulle om hulle te bekeer en “soos ’n kind te word”. Hul wêreldse ambisies en strewes om die belangrikste in die Koninkryk van God te wees, moes plek maak vir die bereidheid om die minste te wees. Sommige tipiese kwaliteite van ’n kind is: eenvoud, openhartigheid, gehoorsaamheid, beskeidenheid en veral nederigheid en vol vertroue.

Jesus gee sy dissipels ’n waarskuwing. Hy waarsku hulle dat hulle op hul hoede moes wees om “nie één van hierdie kleintjies wat in Jesus glo” van Hom afvallig te maak nie.” Die gedrag van die dissipels kan die oorsaak word dat ’n kind struikel en in sonde val. Veral die begeerte om belangriker as sy medemens te wees of oor hulle heerskappy te voer, is ’n manier om hulle te laat struikel en te beskadig. Intendeel sou die dissipels ander Christene hoog moet ag (Romeine 12:10), omdat God hulle so hoog ag dat Hy engele aangestel het om oor hulle te waak (Hebreërs 1:14).

Jesus gee sy dissipels ’n opdrag. Hy leer hulle om hul aandag te wy aan die kinders van God wat afdwaal en om hulle weer terug te bring. Die konteks is hier anders as in Lukas 15.

(2) Die verhaal van die gelykenis staan in Matteus 18:12-13.

(3) Die uitleg of toepassing van die gelykenis staan in Matteus 18:13-14.

As die herder sê dat hy bly is met die terugkeer van één afgedwaalde skaap dan met nege-en-negentig skape wat bymekaar gebly het, dan bedoel die herder nie te sê dat hy nie bly is met die nege-en-negentig ander skape nie. Jesus wil alleen hiermee die nadruk lê op die feit dat God baie bly is wanneer één Christen wat van die Kerk afgedwaal het, weer teruggelei is.

3. Bepaal watter besonderhede in die gelykenis relevant is.

Inleiding. Jesus het nie bedoel dat elke besonderheid (detail) in ’n gelykenis noodsaaklik ’n geestelike betekenis moet hê nie! Gelykenisse is nie allegorieë nie. Die relevante besonderhede in die verhaal van ’n gelykenis versterk die sentrale gedagte, die hooftema of die les van die gelykenis. Daarom moet ons nie aan elke besonderheid van die verhaal van ’n gelykenis ’n geestelike betekenis toeskryf nie!

Ontdek en bespreek. Watter details in hierdie gelykenis (verhaal) is werklik essensieel of relevant?

Aantekeninge. Die konteks van hierdie gelykenis is heeltemal anders as die konteks van die gelykenis in Lukas 15:1-7. Daarom sal die details in die verhaal van hierdie gelykenis ander werklikhede voorstel.

Die honderd skape verteenwoordig hier die kinders van God, d.w.s. Christene.

Die verlore skaap verteenwoordig één van God se kinders, 'n Christen wat van die kerk en die geloof afgedwaal het.

Die nege-en-negentig ander skape verteenwoordig die Christene in die Kerk/Gemeente wat nie afgedwaal het nie. Maar hulle vorm in hierdie gelykenis *geen relevante detail nie*, maar bestaan alleen om die kontras met die één verlore skaap nog duidelike te benadruk. In hierdie gelykenis lê die hele nadruk op die hart van die herder vir selfs één van sy afgedwaalde skape, veral wanneer hulle nog onmondige kinders of tieners is (Matteus 18:5-10)! Die Herder is blyer om één afgedwaalde skaap terug te bring dan alleen maar die bestaande situasie (die status quo) te handhaaf. Sy passie is dat daar geen één van sy skape verlore gaan nie! Uiteindelik gaan ook geen één van sy skape verlore nie (Johannes 17:12; Johannes 18:9)!

Maar in die ander gelykenis oor die verlore skaap in Lukas 15:1-7 vorm die 99 ander skape wel 'n kontras met die één verlore skaap en is hulle wel *'n relevante detail*. In Lukas verteenwoordig die 99 skape die Jode wat Jesus kritiseer vir sy liefde vir verlore tollenaars en sondears (Lukas 15:1). Die Herder is blyer oor één ongelowige wat gelowig word dan oor 99 mense wat dink dat hulle nie tot geloof hoef te kom nie!

Die herder verteenwoordig God die Vader as Verteenwoordiger van die Heilige Drie-eenheid. Hy is die Eienaar van al hierdie skape en wil nie dat daar maar één van hulle verlore gaan nie!

4. Bepaal die belangrike boodskap van die gelykenis.

Inleiding. Die belangrike boodskap (die sentrale boodskap of die hooftema) van die gelykenis word gevind in die uitleg of toepassing van die gelykenis of in die verhaal van die gelykenis self. Uit hoe Jesus self sy gelykenisse uitleg of toepas, weet ons hoe ons gelykenisse moet uitleg. 'n *Gelykenis het meesal maar één hooftema, één belangrike boodskap, één sentrale les*. Daarom moet ons nie probeer om 'n geestelike waarheid in elke besonderheid van die verhaal van die gelykenis te vind nie. Dus, bepaal die belangrike boodskap van 'n gelykenis.

Bespreek. Wat is die belangrike boodskap van hierdie gelykenis?

Aantekeninge.

Die gelykenis van die verlore skaap in Matteus 18:12-14 leer oor “God se houding teenoor verlore mense in die Koninkryk van God”.

Die belangrike boodskap van hierdie gelykenis is die volgende: “God se geopenbaarde wil is dat geen één van sy skape verlore gaan nie, maar dat hulle almal volkome gered (verlos) word. God se reikhalssende verlange na sy afgedwaalde kinders maak dat Hy hulle gaan soek totdat Hy hulle vind en weer na die Gemeente terugbring het.

God/Jesus Christus is nie blyer met één Christen wat afgedwaal het en gevind is dan met 99 ander Christene wat nie afgedwaal het nie. Maar sy blydschap om 'n Weldoener te wees wat één verlore (afgedwaalde) gelowige soek, vind en terugbring is groter dan alleen maar 'n Besitter van Christene te wees (dus, alleen maar die status quo te handhaaf)! Die nadruk lê hier nie op die één afgedwaalde skaap nie, maar op die Herder wat hom soek, vind en terugbring, op God se passie/liefde om afgedwaalde Christene weer op die regte pad terug te bring.”

Om afgedwaalde skape of verlore mense te soek, te vind en terug te bring is één van die fundamentele kenmerke van God se Koninkryk. Die ware burgers in God se Koninkryk volg in die voetstappe van Jesus Christus en gaan ook op soek na afgedwaalde en verlore Christengelowiges om hulle weer na die Kerk/gemeente en die christelike geloof terug te lei.

5. Vergelyk die gelykenis met vergelykbare Bybelgedeeltes.

Inleiding. Sommige gelykenisse het ooreenkomste en kan met mekaar vergelyk word. Maar die waarheid in alle gelykenisse het vergelykbare waarhede wat in andere Bybelgedeeltes geleer word. Probeer om die belangrikste verwysings in die Bybel te vind wat jou help om die gelykenis uit te lê. Vergelyk altyd die uitleg van 'n gelykenis met die direkte en duidelike onderrig van die Bybel.

Lees. Deuteronomium 5:29; Psalm 119:176; Jesaja 45:22-23; 48:17-19; Esegïel 18:23,32; 33:11; Matteus 9:37-38, 11:28-29; 23:37; Johannes 7:37; Jakobus 5:19-20; 2 Petrus 3:9; Openbaring 22:17.

Ontdek en bespreek. Hoe kan ons wat hierdie Bybelgedeeltes leer vergelyk met wat hierdie gelykenis leer?

Aantekeninge.

Die heerlike waarheid dat God nie bereid is dat daar maar “één van hierdie kleintjies” (God se kinders, Christene) verlore gaan nie, staan in lyn met die hele onderrig van die Bybel. Jesus het gesê: “Van dié wat U My gegee het, het Ek niemand verlore laat gaan nie” (Johannes 18:9)! Die toepassing van die gelykenis toon dat die nadruk meer lê op God (Jesus Christus) wat soek dan op die Christen wat afgedwaal het!

B. DIE VERLORE MUNTSTUK

Lees Lukas 15:8-10.

1. Verstaan eers die natuurlike verhaal van die gelykenis.

Bespreek. Wat is die lewensgetroue elemente van die verhaal?

Aantekeninge.

Die silwer muntstuk wat verlore gegaan het was ongeveer één dagloon werd. Vir 'n dagloner is dit baie geld! Miskien het die vrou die tien muntstukke in 'n ketting om haar nek gedra of miskien in 'n doek saamgebind en bevestig aan haar gordel. Die ketting kon gebreek het of een muntstuk kon uitgeval het. Die huise in die tyd van Jesus was klein, het 'n klei vloer gehad en geen of 'n klein venster. Omdat haar huis donker was, kon sy die verlore muntstuk eers nie vind nie. Maar nadat sy 'n lamp aangesteek het en die hele vloer aangeveeg het, het sy die muntstuk teruggevind. In haar blydschap het sy al haar vriendinne en bure geroep en vertel wat gebeur het.

2. Bestudeer die verband en bepaal die elemente van die gelykenis.

Ontdek en bespreek. Wat is die aanleiding, die verhaal en die uitleg of toepassing van hierdie gelykenis?

Aantekeninge.

- (1) **Die aanleiding van die gelykenis is dieselfde as dié van die gelykenis van die verlore skaap in Lukas 15:1-7.**
- (2) **Die verhaal van die gelykenis staan in Lukas 15:8-9.**
- (3) **Die uitleg of toepassing van die gelykenis staan in Lukas 15:10.**

3. Bepaal watter besonderhede in die gelykenis relevant is.

Ontdek en bespreek. Watter details in hierdie gelykenis (verhaal) is werklik essensieel of relevant?

Aantekeninge.

(1) **Hierdie gelykenis as 'n allegorie uitgelê.**

Sommige Christene probeer hierdie gelykenis as 'n allegorie uit te lê. “Die vrou” simboliseer dan die Heilige Gees en hulle kom tot hierdie gevolgtrekking deur eliminasië. “Die vader” in die gelykenis van die verlore seun verteenwoordig God die Vader. “Die man wat honderd skape gehad het” in die gelykenis van die verlore skaap verteenwoordig God die Seun. En dus moet “die vrou” in die gelykenis van die verlore muntstuk 'n simbool wees van God die Heilige Gees. Dit is vergesog.

Andere lê “die vrou” uit as 'n simbool vir die Kerk. “Die lamp” moet dan die evangelie voorstel. “Die besem” (wat nie eers genoem word nie) is 'n simbool vir die wet. Hierdie uitleg is verkeerd en moet verwerp word.

Die uitleg van Jesus. Jesus gee geen uitleg aan enige detail van die gelykenis nie. Maar Hy lê die gelykenis as 'n geheel uit deur te sê dat daar blydschap onder die engele van God sal wees oor één sonder wat hom bekeer.

4. Bepaal die belangrike boodskap van die gelykenis.

Bespreek. Wat is die belangrike boodskap van hierdie gelykenis?

Aantekeninge.

Die gelykenis van die verlore muntstuk in Lukas 15:8-10 is 'n gelykenis oor “God se houding teenoor verlore mense in die Koninkryk van God”.

Die belangrike boodskap van die gelykenis is die volgende: “God wat tussen ontelbare engele woon, soek verlore mense en is bly selfs as maar één mens gevind word.”

Verlore of afgedwaalde mense soek om hulle te red (te verlos) is één van die fundamentele kenmerke van God se Koninkryk. Die ware burgers in God se Koninkryk volg in die voetspore van Jesus Christus en gaan ook afgedwaalde of verlore mense soek om hulle te vind en terug te bring.

5. Vergelyk die gelykenis met vergelykbare Bybelgedeeltes.

Sien die gelykenis van die verlore seun.